

**IN GESPREK MET MARCUS FABIVS QVNTILIANVS OOR  
ASPEKTE VAN KOMMUNIKASIE-ONDERRIG IN DIE  
NUWE SUID-AFRIKA**

Communitas

ISSN 1023-0556

2003 8: 1 - 36

**F.H. Terblanche\***

---

**ABSTRACT**

*On the basis of the fact that knowledge of the past often goes hand-in-hand with an understanding of the present, this article provides a synoptic consideration of the question of whether the Roman orator and educator, Quintilian, does not perhaps have a useful message with regard to communication teaching in the New South Africa. In Quintilian's Institutio Oratoria the ideal was that the learner should be educated in such a manner that he could comply with the demands of both private and public community life as a competent communicating being with high moral values. Furthermore certain aspects of complaints revolving around inadequate communication in the South African community are noted. The conclusion is that the communication picture in South Africa looks particularly bleak. From newspaper reports it also seems that the education situation in South Africa does not fulfil the expectations of many members of society. The logical deduction that one is led to is that Quintilian would probably have said: "Given the implications of change in South Africa and the distinctiveness of the South African communication reality, you should write your own Institutio Oratoria..."*

---

\* Professor Terry Terblanche is Hoof van die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie aan die Universiteit van die Vrystaat.

## INLEIDING

Geesteswetenskaplike navorsing oor aspekte van die verlede met die oog daarop om moontlike oplossings vir die hede te vind, 'n beter begrip van die hede te verkry of gewoon 'n bydrae tot die hantering van bestaande probleme te lewer, is 'n bekende verskynsel in wetenskapsbeoefening. Aristoteles (aangehaal deur Poulakos 1984: 215) skryf in sy *Sophistical Refutation* (E.S. Forster, Trans.) soos volg: "It is perhaps a true proverb which says that the beginning of anything is the most important: hence it is also the most difficult... When, however, the first beginning has been discovered, it is easier to add to it and develop the rest".

Venter (1976: 177) stel dit baie duidelik dat 'n begrip van die opvoedingsverlede te alle tye 'n noodsaaklike voorvereiste is vir die skepping van 'n verwysingsraamwerk waarbinne die opvoedkundige toekomsontwikkelinge waarskynlik sal plaasvind. Vir Van Schoor (1982: 3) is die antwoord op die vraag oor hoe 'n mens kommunikasie kommunikeer onder meer geleë in "n stap terug in die verlede". Dit beteken byvoorbeeld dat daar met die Grieke van die Oudheid, veral Plato en Sokrates, in dialoog getree moet word (vgl. ook Farrell 1983: 151-177). By genoemde twee name vanuit die oud-Griekse opvoeding kan, met verwysing na die ietwat latere oud-Grieks-Romeinse opvoedingsera, ook die naam van Quintilianus gevoeg word. Dit is veral in sy beskouing oor kommunikasie-onderrig waarin daar, soos uit die hieropvolgende beknopte bespreking sal blyk, 'n sinryke boodskap vir die huidige Suid-Afrikaanse samelewing opgesluit lê.

## QUINTILIANUS IN 'n TYDPERK VAN VERANDERING

Quintilianus, wat in die tydperk 35 tot 100 n.C. geleef het, was 'n beroemde orator en opvoedkundige in die latere Grieks-Romeinse opvoeding van die oud-Romeinse tydperk. Die eerste eeu n.C. kan as 'n oorgangstydperk beskou word in die sin dat die Republiek plek gemaak het vir die Prinsipaas. Hierdie oorgangstydperk, wat uiteraard 'n verskeidenheid konstitusionele veranderinge teweeggebring het, is gekenmerk deur agteruitgang in waardes, tradisies en norme, terwyl daar ook allerlei vorme van veranderinge en vernuwing plaasgevind het. Politieke onbestendigheid en sedelike verval was aan die orde van die dag. Soos ten tye van enige oorgangstydperk verwag kan word, was daar aan die een kant diegene wat naarsstiglik aan die verlede vasgeklou het en aan die ander kant die sogenaamde moderniste (vgl. Mans 1972: 1-25).

Nero, die laaste heerser afkomstig vanuit 'n antieke Romeinse adellike huis, is in 68 n.C. oorlede. Met Vespasianus se bewindsaanvaarding het daar in 'n groot mate politieke, sosiale, sedelike en opvoedkundige verandering plaasgevind.

As gevolg van die grootskaalse instroming van mense uit Italië en die provinsies, skryf Mans (1972: 5-6), het Rome al hoe meer kosmopolities begin word en 'n geleidelike verandering in sosiale struktuur ondergaan. Daar het 'n stryd tussen ryk en arm bestaan, terwyl korrupsie met tye aan die orde van die dag was. Sommige staatsburgers het die vernuwing aanvaar, terwyl ander alles in die stryd gewerp het om veral die nuwe sedes en gewoontes die nek in te slaan.

In die eerste eeu n.C. is kommunikasie deur middel van die gesproke woord steeds beskou as 'n fundamentele menslike handeling. Dit was juis deur middel van spraakgebeure dat die mens gebeurtenisse beïnvloed het, gemoedere kalmeer het en uitdrukking gegee het aan sy intelligensie (Kennedy 1969: 12).

Die ou-retoriek, wat sy wortels in die eise van die tyd gehad het, het 'n baie belangrike plek in die oud-Romeinse onderwys beklee. Monroe (1938: 92) wys daarop dat die oud-Romeinse benadering tot die retoriek, verband gehou het met die sosiale struktuur van die oud-Romeinse samelewing. Die groot Romeinse krygsmanne was ook effektiewe orators. Hulle was dikwels ook goeie leiers omdat hulle welsprekend was. Die goeie orator is beskou as "groter" as die filosoof omdat die kuns van welsprekendheid ook die filosofie as studiegebied ingesluit het. In die retore-hoërskole, waar die vernaamste doel van die opvoeding welsprekendheid was, is die leerlinge voorberei vir loopbane in die openbare lewe. Die Romeine het die orator as 'n welopgevoede mens beskou. Die grootste gedeelte van die kurrikulum het dan ook bestaan uit die onderafdelings van spraakkommunikasie soos spraakkuns, debattekuns en welsprekendheid.

Die retoriek het egter nie ontkom aan die negatiewe invloed wat bepaalde aspekte van die verandering teweeggebring het nie. Hoewel die retoriek in die eerste eeu n.C. steeds 'n belangrike plek in die onderwys beklee het, het dit geleidelik plek gemaak vir byvoorbeeld retoriese hoogdrawendheid.

Mans (1972: 17) wys daarop dat dit uit talle vooraanstaande skrywers se werke blyk dat daar 'n toenemende kunsmatigheid en verwaterde

opvoedkundige stelsel gedurende die eerste eeu n.C. begin ontwikkel het. Mans (*ibid.*) skryf aangaande Petronius ('n tydgenoot van Quintilianus) se standpunt omtrent die onderwys van sy dag soos volg: "Die onderwysers lewe in 'n gekkeparadys. Om tred te hou met die tyd moet hulle toegewings maak. Noodgedwone moet die leerkrigte dit aanbied waarvan die leerlinge sal hou anders loop hulle skole leeg. Soos hengelaars moet die onderwysers 'aas' aansit waarvan die kinders hou, anders sal hulle eenvoudig op die 'rotse' bly sit sonder om eers 'n 'byt' te kry". Hierbenewens bestaan daar ook gevalle waar ouers die onderwysers blameer het vir hulle kinders se ingebore domheid, terwyl professore in die redenaarskuns die grille van ouers moes verduur en die laksheid van studente moes aanvaar (Mans 1972: 18-19).

Dit is teen voorgenoemde agtergrond en die feit dat die retoriekleerinhoud en -vaardighede nie aan die eise van die tyd voldoen het nie dat Quintilianus sy *Institutio Oratoria* die lig laat sien het. In 'n sekere sin is die *Institutio Oratoria* dus Quintilianus se reaksie op die kenmerke van sy tyd. Hy was nie tevrede met die wyse waarop die retoriek beoefen is nie. Vir hom was die retoriek, soos metterwyl aangedui word, 'n eerbare en edel aangeleentheid (I.xii.16 – d.w.s. Boek 1 Hoofstuk 12 Paragraaf 16).

### **ENKELE ASPEKTE VAN DIE INSTITUTIO ORATORIA**

Die *Institutio Oratoria*, wat uit twaalf boeke bestaan, handel oor sowel die teorie en onderrig van die retoriek as die opvoeding van die orator in die algemeen. In die hieropvolgende bespreking word van Watson se vertaling, naamlik *Quintilian's Institutes of Oratory*, gebruik gemaak. Dié vertaling bestaan uit twee volumes. Die eerste volume bestaan uit Boeke I-VI en die tweede volume uit Boeke VII-XII.

Die voorwoord tot Boek I behels 'n basiese oriëntering. In Boek I bespreek hy die voor-retoriekopvoeding van die orator. In Boek II omskryf hy onder meer die wesenskenmerke en studieterrein van die retoriek. Retoriekleerinhoud, met spesifieke klem op die rol van die vind, keuse en rangskikking van die leerstof, word in Boeke III tot VII bespreek. In Boeke VIII tot XI word aan stylaspekte, die rol van die geheue en boodskapaanbieding aandag gegee. In Boek XII bespreek hy die vereistes waaraan die effektiewe orator moet voldoen (Pr. 21-22 – Pr. staan vir Voorwoord.)

Vir Quintilianus (Pr.16-27) is die goeie redenaar 'n sedelik hoogstaande staatsburger wat met voldoende kennis toegerus is. Niemand kan volgens hom 'n goeie orator wees as hy nie 'n goeie mens is nie. Die uiteindelijke goeie orator is dan ook 'n goeie mens wie se algemene vermoëns volledig ontwikkel is (I.ii.3; XII.i.I). Die volmaakte orator is dus nie slegs iemand wat oor uitstaande kommunikasievermoëns beskik nie, maar ook iemand wat deur deugdelike karaktereenskappe gekenmerk word.

Quintilianus (II.xx.4) stel voorts dat die retoriek wat hy hom ten doel stel om te onderrig, waarvan hy die idee in sy binneste omdra en wat die ware retoriek is, en wat slegs deur 'n goeie mens bereikbaar is, as 'n deug beskou moet word. Die orator moet bo alles die beginsels van die moraliteit bestudeer en 'n kennis bekom van alles wat regverdig en eerbaar is (XII.ii.I).

Hoewel Quintilianus (XII.ii.20) die standpunt huldig dat alle ware vorme van die retoriek gebruik maak van die filosofie, ken hy, anders as byvoorbeeld Cicero, nie 'n hoogs belangrike plek aan die filosofie in die opleiding van die orator toe nie. Vir hom is die goeie orator nie 'n filosoof nie, maar 'n verstandige Romein wat hom deur middel van onder meer persoonlike ervaring as ware staatsman bewys (XII.ii.20). Die uiteindelijke goeie orator sal daartoe in staat wees om gesonde oordeel aan die dag te lê, leiding in staatsaangeleenthede te kan neem, en in sowel die private as die openbare lewe op 'n kommunikatiewe vlak te kan funksioneer (Pr. 10). Selfs in die geregshof sal die goeie orator hom ten doel stel om openbare sedes te hervorm (XX.vii.2).

Quintilianus (XII.i.31) se opvoedingsdoel is dus tweërlei van aard, naamlik die bemeestering van welsprekendheid en die ontwikkeling van deug. Dit kan nooit te laat wees om hierdie twee doelstellings te verwesenlik nie. Die opvoeding van die redenaar begin op voorskoolse vlak. Reeds in hierdie stadium moet die inhoude wat die leerder moet bemeester sedelik van hoogstaande gehalte en taalkundig korrek wees (I.i.4-5). Die toekomstige orator moet, soos Quintilianus (I.ii.18) dit stel, reeds van kindsdae af gereed gemaak word vir die eise van sowel die sosiale en die openbare lewe as die naakte werklikheid van die lewe.

Volgens Quintilianus (Pr. 26-27) is onderrig in mondelinge kommunikasie nutteloos as die leerder nie oor sekere basiese vermoëns beskik nie. Hierdie vermoëns hou verband met aspekte soos stemgebruik, gesondheidstoestand, intellek, moed en grasie. Ten

einde die leerder se kommunikasievaardighede te ontwikkel, moet daar volhard word in sowel teoretiese studie as in praktiese oefeninge. Leerinhoude en vaardighede moet te alle tye by die ontwikkelingspeil van die kind aanpas (I.i.20), terwyl die kind se vermoë en persoonlikheid ook verreken moet word (I.iii.1,6).

Wat die inhoud van die laeronderwys betref, lê hy veral klem op lees, skryf en die memorisering van gedigte. Hy beskou die oefening van die geheue as van besondere belang vir die redenaar. Daarom beveel hy aan dat leerlinge selfs in hulle speelyd gedigte moet leer. Maar die leerders moet ook in spraakopleiding onderrig word sodat hulle spraak en uitspraak voller en duideliker kan word (I.i.34-37).

Net soos in die geval van Cicero neem letterkunde 'n belangrike plek in Quintilianus se leerplan in. Hy stel dit dat letterkunde onontbeerlik is vir die jeug en dat dit genoeg verskaf vir die bejaarde (I.iv.5). Volgens Quintilianus (I.viii.6-8) moet die lees van tragedies en uitgesoekte liriese poësie aangemoedig word. Die lees van komedies kan ook 'n besondere bydrae tot welsprekendheid lewer, maar daarmee moet eers begin word sodra die kind sedelik goed ontwikkel het. Wat die lees van gedigte betref, gee hy 'n volledige uiteensetting van die funksie en waarde van byvoorbeeld pouses, infleksie en intonasie.

Nes Plato glo hy dat die nabootsing van karakters 'n gewoonte kan vorm. Gevolglik maak hy beswaar teen die nabootsing van byvoorbeeld 'n slaaf of 'n dronkaard. Hy keur ook enige vorm van teateraktiwiteite af wat nie noodsaaklik is vir die vorming van 'n goeie redenaar nie. Van die aspekte wat wel van die akteur geleer kan word, is onder meer korrekte stemgebruik, gesigspel en funksionele gebare. Maar selfs hieroor rig hy 'n ernstige waarskuwing, naamlik dat die orator nie alle gebare of bewegings van die akteur moet oorneem en vir kommunikasiedoeleindes aanpas nie. Die suksesvolle orator mag geen buitensporige gedrag in sy voorkoms of sy bewegings openbaar nie (I.xi.1-3).

In die middelbare skool moet die leerling benewens vakke soos grammatika, letterkunde en geometrie ook onderrig ontvang in musiek en welsprekendheid (I.iv.1-6). Hiervandaan gaan die seun na die retore-skool waar hy gespesialiseerde onderrig ontvang in die kuns van welsprekendheid. Die leerinhoude en vaardighede wat Quintilianus as vereiste stel vir die onderrig van die orator word deur Monroe (1938: 93) soos volg saamgevat: "... 'n kennis van dinge

(verwerf deur 'n bemeestering van literatuur); 'n goeie woordeskat en 'n vermoë om 'n versigtige seleksie van woorde te maak; 'n kennis van menslike emosies en die krag tot die opwekking daarvan; 'n grasia en wellewendheid ten opsigte van maniere; 'n kennis van geskiedenis en van die reg; 'n goeie aanbieding; 'n goeie geheue".

In Quintilianus se omskrywing van die retoriek maak hy hoofsaaklik van 'n eklektiese benaderingswyse gebruik. Die meeste Griekse benaderings is vir hom onaanneemlik, aangesien die klem in dié omskrywings te eensydig op die oorreringsaspek val (II.xv.1-18). Die standpunt waarmee hy uiteindelik volstaan, is dat die retoriek omskryf kan word as "die kuns om goed te praat" (II.xv.38).

Wat die onderafdelings van die retoriek betref, volg Quintilianus (III.iii.I) die oud-Grieks-Romeinse indeling, naamlik: *inventio* (die tema), *dispositio* (rangskikking), *elocutio* (styl), *memoria* (memoriserings) en *pronuntiatio* (aanbieding).

In Quintilianus se bespreking van *inventio*, raak hy 'n groot verskeidenheid aspekte aan wat wissel van byvoorbeeld die verskillende soorte retoriek en die wyses waarop boodskapontvangers ingelig moet word tot by die kuns van die opwekking van gevoelens.

In aansluiting by byvoorbeeld die beskouings van Plato en Cicero, huldig Quintilianus (II.xxi.1-14) die standpunt dat die mededeler oor enige onderwerp wat op sy weg vir bespreking kom, moet kan kommunikeer. Dit sluit boodskapinhoud op sowel die openbare as die private vlak in. Die voorbereiding vir 'n mededeling het vir Quintilianus betrekking op 'n bepaalde boodskap en 'n bepaalde spraaksituasie.

In aansluiting by Aristoteles onderskei Quintilianus tussen drie soorte mededelings, naamlik lofredes, beraadslagend en geregtelik (III.iii.14). In sy bespreking van die gereghofretoriek (III.iv.1-14) wys hy daarop dat die meeste retorici met vyf onderafdelings van die retoriek volstaan, naamlik, die eksordium, die stel van feite, die bewyse wat aangevoer word, die weerlegging van die teenstander se argumente en die slotrede of perorasie.

Wat die aard van bogenoemde onderafdelings betref, gaan Quintilianus in sy bespreking in 'n groot mate akkoord met die tradisionele opvatting. Só gee hy byvoorbeeld, wat die eksordium betref, 'n betreklik volledige uiteensetting van presies hoe dit saamgestel moet word (IV.i.52-79). Hy skryf onder meer dat die styl

van die aanhef nie ooreenkomste moet vertoon met bewysende of sentimentele of vertellende dele van die mededeling nie. Die aanbiedingswyse van die mededeler moet nie te woordryk en omslagtig wees nie, maar moet in die eerste plek gekenmerk word deur eenvoud en ongedwongenheid (IV.i.60).

Net soos Isokrates, voer Quintilianus aan dat die feitstelling deur duidelikheid, beknoptheid en geloofbaarheid gekenmerk moet word (IV.ii.31). In die bespreking in die res van Boek IV word aandag geskenk aan uitweiding of ekskursies (IV.iii.1), proposisies (IV.iv.1) en partisies (IV.v.1). Volgens Quintilianus kan hierdie drie aspekte nie, soos soms beweer word, as afsonderlike afdelings van die mededeling beskou word nie. Vir hom vorm hulle 'n integreerende deel van die genoemde vyf tradisionele afdelings. Die uitweiding moet egter spaarsaam gebruik word, funksioneel van aard wees, en nie die eenheidskarakter van die mededeling skaad nie (IV.iii.4).

Volgens Quintilianus kan die proposisie as die aanvangsfase van die bewyslewering beskou word. Afhangende van die aard van die mededeling kan dit bruikbaar of onbruikbaar wees. Eweneens kan onderverdeling van die onderwerp (partisie) in sy elemente bruikbaar wees, maar dan as onderafdeling van die bewyslewering en nie as onderafdeling van die mededeling as geheel nie (III.ix.3).

In Boek 5 word aandag geskenk aan die bewysaspek van die mededeling. Quintilianus sluit by Aristoteles aan deur te onderskei tussen ongekunstelde bewyse of direkte getuienis en gekunstelde bewyse of argumente. Ongekunstelde bewyse bestaan uit aspekte soos voorkennis van die besondere saak, openbare menings, getuienis wat verkry is as gevolg van marteling of foltering, geskrewe dokumente, eedafleggings en verklarings deur getuies (V.i.1). Wat gekunstelde of kunsmatige bewyse betref, sluit Quintilianus by Aristoteles se verdeling aan, naamlik logiese, etiese en aandoenlike bewyse. Hierteenoor is gekunstelde bewyse afhanklik van indikasies, argumente of voorbeelde (V.ix.1).

Die begrip "weerlegging van teenargumente" kan volgens Quintilianus vanuit twee invalshoeke benader word. In die eerste plek bestaan die mededeling van die verdediger uitsluitlik uit weerleggings. Tweedens moet persone wat in opposisie met mekaar is, mekaar se onderskeie standpunte weerlê. Dit is hierdie verskynsel wat in geregtelike retoriek as die vierde komponent, naamlik weerlegging, bekend staan.



In die sesde Boek bespreek Quintilianus (VI.i.1) die perorasie van die mededeling. Hy onderskei tussen twee funksies, naamlik samevatting en emosionele appèl. Emosies kan deur sowel woorde as handeling gewek word. Hoewel emosionele aspekte in enige stadium van die mededeling sinryk kan wees, gee Quintilianus voorkeur aan die gebruikmaking van emosies in die aanhef en in die slotrede. Alvorens die mededeler egter emosies by die ontvangers van die boodskap kan wek, moet hy self daartoe in staat wees om emosioneel by sy mededeling betrokke te raak. Om hierin te slaag, moet van beelde gebruik gemaak word. Hy gee die volgende voorbeeld:

Ek beskuldig iemand daarvan dat hy 'n man vermoor het; sal ek nie voor my geestesoog alles sien wat waarskynlik plaasgevind het nie? Sal die ander persone nie bewee, uitroep, smeek of vlug nie? Sal die bloed, die bleekheid, en die laaste doodsniel van die sterwende slagoffer nie voor my geestesoog verskyn nie? (VI.ii.31).

Quintilianus beveel aan dat die hele kwessie van emosionele betrokkenheid as leerinhoud en vaardighede in die skoolsituasie aandag behoort te kry (VI.ii.36). Ter afsluiting van die bespreking van die *inventio*-aspek wys Quintilianus ook op die rol van humor (VI.iii.1 e.v.), woordewisseling/diskussie (VI.iv.1 e.v.), oordeel en skerpsinnigheid (VI.v.1 e.v.) in 'n mededeling. Wat humor betref is Quintilianus nie werklik geïnteresseerd in teorieë oor humor nie, maar in wyses waarop humor in spraaksituasies gebruik kan word. Hy beklemtoon ook dat die mededeling onder meer aangepas moet word by die spraaksituasie en die bepaalde omstandighede waarin die spraakgebeure plaasvind (VI.v.11).

Die dispoisies-aspek van die mededeling word hoofsaaklik in die sewende Boek bespreek. As vertrekpunt word genoem dat *inventio* en *dispositio* op mekaar aangewese is. *Dispositio* word omskryf as die rangskikking van die onderskeie onderafdelings van die mededeling (VII.i.1-4). Rangskikking het egter nie net betrekking op die logiese opeenvolging van die onderafdelings nie, maar ook op die boodskapinhoud binne 'n bepaalde afdeling. Hy stel dat die boodskapinhoud binne die onderskeie afdelings enersyds mekaar moet volg en andersyds so nou met mekaar verbind moet wees dat dit eerder 'n inhoudseenheid vorm as bloot 'n versameling inhoud (VII.x.16).

In aansluiting by Aristoteles beveel Quintilianus aan dat daar in die proses van bewysrangskikking uitgegaan moet word vanaf die bekende na die minder bekende en vanaf die algemene na die besondere (VII.x.28). Deurentyd is die kritiese oordeelsvermoë van die mededeler van deurslaggewende belang. Vanweë die komplekse aard van die retoriek kan dit nie sonder meer kragtens vooropgestelde reëls beoefen word nie. Reëls kan wel bruikbaar wees, maar dan slegs as dit funksioneel aangepas word by die aard van die spesifieke mededeling, die tyd en die kommunikasiesituasie (II.xiii.2-15).

Vanaf die agste Boek tot en met die eerste hoofstuk van Boek 11 word breedvoerig aandag geskenk aan styl (*elocutio*). Styl, skryf Quintilianus (VIII.i.1), is afhanklik van sowel die keuse van spesifieke woorde as die kombinasie daarvan in 'n konteks. Verskillende soorte woorde en stylfigure word bespreek.

In aansluiting by Cicero beklemtoon Quintilianus dat die mededelingstyl moet pas by die persoonlikheid van die mededeler, die aard van die ontvangers en die soort spraaksituasie (XI.i.43). Wat laasgenoemde betref, onderskei hy tussen situasies wat wissel van interpersoonlike gesprekke tot kommunikasie in 'n teater en ander openbare kontekste (XI.i.46). Hy sluit sy bespreking oor stylaspekte af deur daarop te wys dat verskille in styl voortvloei uit die verskil in die aard van onderwerpe (XI.i.92).

Die geheue-aspek word in die tweede hoofstuk van die elfde Boek bespreek. Quintilianus is van mening dat die effektiewe mededeler daartoe in staat moet wees om sowel die boodskapinhoud van sy eie mededeling as die argumente van sy teenstander te kan onthou. As uitgangspunt word aanvaar dat die vermoë om te kan memoriseer met menswees gegee is (XI.ii.1). Die verbetering daarvan is egter primêr afhanklik van volgehoue oefening en sinryke onderrig. In dié lig het sy bespreking oor die geheue-aspek die onderrigsituasie as vertrekpunt.

In aansluiting by die beskouing van onder andere Cicero en dié in die *Rhetorica ad Herennium* word die beelde-sisteem wat deur Simonides gekonseptualiseer en onder andere deur Metrodorus ontwikkel is in besonderhede bespreek (XI.ii.1-22). Die beelde-sisteem impliseer kortliks die gebruikmaking van 'n bekende agtergrond soos die kamers van 'n huis, die mure van 'n stad, 'n bekende straat, of 'n denkbeeldige plek. Teen hierdie agtergrond word 'n reeks beelde wat simbolies of verteenwoordigend is van bepaalde woorde of idees

sistematies gevisualiseer. 'n Bekende agtergrond kan herhaaldelik gebruik word, terwyl die beelde wat daarin funksioneer telkens bepaal word deur die aard van die spesifieke boodskapinhoudes wat gememoriseer moet word.

Quintilianus wys daarop dat die gebruikmaking van beelde in die memoriseringsproses tekortkominge het, veral in gevalle waar relatief lang mededelings gememoriseer moet word (XI.ii.25-27). Gevolglik gee hy sy eie praktiese wenke vir die memorisering van boodskapinhoudes. As vertrekpunt, voer hy aan (XI.ii.27) moet die mededeling, kragtens die logiese struktuur daarvan, in onderafdelings verdeel word. Die onderafdelings behoort ook nie te kort te wees nie, omdat dit die geheue vermoei (XI.ii.27). Elke onderafdeling word afsonderlik in die geheue vasgelê. Só benader, kan wel van mnemotegnieke op die vlak van byvoorbeeld assosiasies gebruik gemaak word. Dit is egter, aldus Quintilianus, voordeliger as die mededeler sy eie geskrewe mededeling hardop lees, aangesien die memoriseringsproses versterk word deur die samewerking tussen die menslike oor, oog en stem. Aangesien oefening en herhaling die belangrikste faktore in die memoriseringsproses is, behoort leerlinge reeds op 'n vroeë leeftyd te begin om gedigte en geskrewe mededelings te memoriseer.

Quintilianus (XI.ii.40) is 'n voorstander van die woordelike memorisering van 'n mededeling. Hy gee egter toe dat dit in sommige gevalle voordelig is om slegs die essensie van 'n mededeling te memoriseer en dan toepaslike woorde te improviseer. Sodanige improvisasie versterk veral in hofsituasies die geloofwaardigheid van die mededeler, aangesien die mededeling dan nie die indruk skep dat dit vooraf beplan is om byvoorbeeld die regter te mislei nie (XI.ii.46).

Die aanbieding van die boodskap word in die derde hoofstuk van Boek II bespreek. Quintilianus noem, in aansluiting by die beskouings van onder andere Demosthenes en Cicero, dat die aanbieding van 'n boodskap van buitengewone betekenis in mondelinge kommunikasie is. Sy motivering lê daarin dat aangesien woorde, stem en gebare elk in sigself betekenisdraende elemente is, die sinryke kombinasie hiervan noodwendig voortreflike kommunikasie tot gevolg het (XI.iii.3-9).

In ooreenstemming met die klassieke opvatting, noem Quintilianus dat boodskapaanbieding twee basiese komponente behels, naamlik stemgebruik en liggaamsgebare. Die effektiwiteit van die stem word

bepaal deur sowel die kwantiteit as die kwaliteit daarvan. Vir Quintilianus (XI.iii.15) is die kwantiteit van die menslike stem 'n minder komplekse verskynsel as stemkwaliteit. Die redes wat hy aanvoer, hou daarmee verband dat stemkwaliteit deur 'n groot verskeidenheid verskyningsvorme gekenmerk word.

Met die oog op die onderrigsituasie onderskei Quintilianus verskeie stemkenmerke soos luidheid, toonhoogte, uitspraak en artikulasie (XI.iii.34). Besondere aandag word aan die gesondheidstoestand van die farinks (XI.iii.19-21) en die rol van asemhaling in die produksie van spraakklanke gegee (XI.iii.53 e.v.). 'n Sterk verband word tussen daaglikse stemoefeninge en effektiewe mondelinge kommunikasie gelê. Hy skryf dat die beste stemoefeninge vir die orator dié is wat op 'n spesifieke spraaksituasie gebaseer is. As dit 'n persoon se taak is om pleidooie in die geregshof te lewer, behoort die stemoefeninge die eise van die geregshofretoriek te verreken (XI.iii.29). Op dié wyse, skryf Quintilianus (XI.iii.29), word nie slegs die doeltreffendheid van stem en die longe verhoog nie, maar word ook 'n liggaamshouding gekweek wat by die spraakstyl pas.

Quintilianus begin sy bespreking oor die aard en kommunikatiewe funksie van liggaamsgedrag deur daarop te wys dat 'n mededeler se gebare betekenis kan vergemeenskaplik sonder die hulp van woorde (XI.iii.65). Verskillende aspekte van liggaamsgedrag soos die hande, kop, oë, gesig, neus, lippe, nek, skouers, voete en liggaamsbewegings in die algemeen word in besonderhede bespreek. Ook die rol van kleredrag word benadruk (XI.iii.137). Die volgende opmerkings oor die kommunikatiewe funksies van die mededeler se hande, gee 'n aanduiding van die aard van die besonderhede wat Quintilianus met betrekking tot nieverbale gedrag aan die orde stel:

Met ons hande vra ons, beloof ons, roep ons mense na ons toe, stuur ons hulle weg. Met ons hande dreig ons, soebat ons en gee ons afkeer of vrees te kenne. Met ons hande dui ons vreugde, hartseer, erkenning of berou aan, en dui ons mates, hoeveelheid, getal en tyd aan. Het ons hande nie ook die vermoë om aan te hits of te betuel nie, om te smeek, of te getuig van goedkeuring, bewondering en skaamte nie? Vervang ons hande nie die funksie van bywoorde en voornaamwoorde, wanneer ons na plekke en persone wys nie? Dus: te midde van die groot verskeidenheid van tale van mense en nasies blyk dit dat alle mense die taal van die hande geneem het (XI.iii.86-87).

Quintilianus beklemtoon dat woorde en liggaamsgedrag in ooreenstemming met mekaar gebruik moet word. Wanneer woorde en niewoorde nie kongruent aangewend word nie, word sowel die effektiwiteit van die mededeling as die geloofwaardigheid van die mededeler benadeel (XI.iii.67).

Vir Quintilianus vereis elke onderafdeling van die mededeling 'n eiesoortige aanwendingswyse van stemgebruik en liggaamsgedrag. Hy skryf byvoorbeeld dat die eksordium 'n kalm of bedaarde aanbiedingswyse vereis (XI.iii.161). Hierteenoor vereis die slotrede, indien dit uit 'n samevatting van die gebeure bestaan, 'n aaneenlopende opsomming van besonderhede in 'n egalige toon (XI.iii.179). In elke geval wat hy bespreek, is die essensie dat die aanbiedingswyse sinryk moet aanpas by die aard en doel van die besondere boodskapaspek wat meegedeel word. Hierbenewens moet daar in die onderrigsituasie deurgaans rekening gehou word met die feit dat die mededeling van boodskappe 'n individuele aangeleentheid is. Daarom moet elke mededeler in die eerste plek homself ken en in sy voorbereiding sowel die reëls van die retoriek as sy eie vermoëns verreken (XI.iii.180).

In die twaalfde Boek word volledig aandag geskenk aan die opvoeding van die redenaar. Aspekte soos die rol van kennis van byvoorbeeld poësie, taalkunde, geskiedenis en filosofie, praktiese oefeninge en nabootsing word in fyn besonderhede bespreek. Die uiteindelijke opgevoede redenaar is 'n goeie mens wat geskool is in kommunikasie deur middel van spraak (XII.i.1).

Wat Quintilianus se beskouing oor die retoriek betref, kan, vir die doeleindes van hierdie bespreking, ten slotte samevattend gestel word dat hy, in aansluiting by die oud-Grieks-Romeinse opvatting, van oortuiging was dat die mededeler vyf hulpmiddele tot sy beskikking het. Dié hulpmiddele, ten opsigte waarvan daar uiteraard talle klemverskille bestaan het, het sedert die Grieks-Romeinse era bekend gestaan as *inventio*, *dispositio*, *memoria* en *pronuntiatio* of *actio*. Elk van hierdie retoriekonderafdelings het 'n verskeidenheid begrippe, begrippe-relasies, definisies en beginsels behels wat doeltreffend bemeester moes word.

Quintilianus se denkbeelde in die *Institutio Oratoria* het groot invloed uitgeoefen op die opvoedkundige denke van die Middeleeue. Gedurende die vyftiende eeu het sy werk een van die hoofbronne van die humanistiese opvoedkundige teorie geword (Duggan 1964: 65).

Algemeen gesproke, lê Quintilianus se betekenisvolste bydrae moontlik in die eerste plek daarin dat hy die totale omvang van retoriekleerinhoud binne 'n opvoedingskonteks geplaas het. In dié verband het ook sy beklemtoning daarvan dat die seleksie van leerinhoud en vaardighede rekening behoort te hou met die eise van die praktiese lewensituasies en die talente en vermoëns van die kind, besondere implikasies gehad vir die verdere ontwikkeling van die vakdidaktiek van spraakkommunikasie. In die tweede plek het Quintilianus in werklikheid die kommunikasieverskynsel as sodanig die middelpunt van opvoedingsbemoëienis gemaak. Dit is teen dié agtergrond dat Quintilianus in die twintigste eeu beskou kan word as 'n "moderne" spraakkommunikasiekundige (Blankenship 1985: 341-342).

In die derde plek ontstaan die vraag onwillekeurig of Quintilianus nie dalk ook vir die onderrig van kommunikasie in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing 'n relevante boodskap het nie. Sy *Institutio Oratoria* was immers 'n reaksie op byvoorbeeld veranderde politieke, sosiale en onderwyskwessies gedurende die oorgangstydperk in die eerste eeu v.C., wat hier en daar, al is dit dan ook slegs by implikasie, raakpunte met die huidige Suid-Afrikaanse opset vertoon. Sommige van hierdie kenmerke of tendense word vervolgens oorsigtelik in oënskou geneem.

## **ENKELE KENMERKE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWINGSWERKLIKHEID: KOMMUNIKASIE EN ONDERWYS**

### **Algemeen**

In aansluiting by aspekte van die politieke situasie in die eerste eeu n.C., beleef die Suid-Afrikaanse samelewing sedert oudstaatspresident FW de Klerk se bekende toespraak op 2 Februarie 1990, en veral die eerste demokratiese verkiesing van 27 April 1994, allerlei vorme van verandering en vernuwing. Hierdie verkiesing het beslag gegee aan 'n ten volle verteenwoordigende regering. Die aanvaarding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, verteenwoordig 'n fundamentele breuk met die verlede en slaan die brug tussen die "ou" en "nuwe" Suid-Afrika. So byvoorbeeld is die politieke, sosio-ekonomiese en byvoorbeeld onderwyssituasie ingrypend deur wetgewing verander en fundamenteel herskik. Die nuwe Skolewet (84 van 1996) en die Wet op Hoër Onderwys (101 van

1997) het aan die onderwys 'n totale nuwe aangesig gegee. Die Wet op Arbeidsverhoudinge (127 van 1998) en die Wet op Gelyke Indiensname (55 van 1998) het 'n herskikking van die arbeidsveld teweeggebring, terwyl die Wette op Grondhervorming (3 van 1996) en Restitusie (84 van 1995), om met 'n laaste voorbeeld te volstaan, die kwessies van besitreg en eienaarskap uit sy apartheidsverlede geruk het.

Om dit kort te sê: 'n nuwe bedeling met 'n demokratiese staatsbestel het die lig gesien en politieke, sosiale en onderwysverandering is aan die orde van die dag. Selfs kerke, waarvan sommige vir eeue onaantasbaar was, se rol in die funksionering van die Suid-Afrikaanse samelewing het drasties verander. In die algemeen blyk die veronderstelling te wees dat al die lede van die samelewing moet inpas en aanpas by die grondliggende veranderings van transformasie. Hoewel hierdie veronderstelling gewig in die Suid-Afrikaanse skaal lê en bowenal bewonderingswaardig is, is die praktiese uitvoering daarvan nie altyd na wense nie.

'n Teoretiese besinning oor die moontlike raakpunte wat bepaalde dimensies van voorgenoemde veranderinge (en veral die implikasies wat dit vir 'n benaderingswyse tot kommunikasie-onderrig inhou) met die eerste eeu n.C. gemeen het, sal boekdele in beslag neem en is ook nie vir die doeleindes van die onderhawige gesprek relevant nie. Dit blyk eerder sinryk te wees om interessantheidshalwe te volstaan met enkele opmerkings in die vorm van aanhalings met betrekking tot die kenmerke van die Suid-Afrikaanse werklikheid en meer spesifiek die kommunikasie- en onderwyswerklikheid, soos dit in die koerante van die afgelope paar maande gerapporteer is. Teen so 'n agtergrond, wat by wyse van spreke 'n vinnige, selektiewe deurblaai van verskillende koerante behels, kan aan die hand van Quintilianus se beskouing enkele opmerkings en aanbevelings gemaak word.

### **Kommunikasie**

Hoewel ietwat op 'n ander vlak as wat die opset in die eerste eeu n.C. was, worstel die huidige Suid-Afrikaanse samelewing met 'n verskeidenheid vorme van lewensproblematiek op byvoorbeeld personale, sosiale en selfs transendentale vlak. Enkele aspekte hiervan word in 'n mate aangeraak in die *Volksblad* van 9 Oktober 2003: 8 waar, met verwysing na die rusie in die NG gemeente Brackenfell-Wes oor sy kerktoering, soos volg berig word: "Die land word gekenmerk deur skrikwekkende misdaad, afgryslieke armoede en 'n

ontstellende morele nood onder wit en swart. Die bevolking skreeu om morele leiding, iets waarin 'n kerk wat sy sout werd is, leiding behoort te neem. Dit maak 'n mens daarom diep hartseer dat die aandag van 'n gemeente wat soveel vir sy eie omgewing kan beteken, afgetrek word deur 'n volstrek irrelevante debat..."

Een van die grootste probleme in Suid-Afrika, en waarskynlik ook die verskynsel ten opsigte waarvan die meeste "wankommunikasie" gepleeg word, is MIV/vigs. In *Die Burger* van 16 Augustus 2003: 4 word met verwysing na die mededeling van die Wes-Kaapse Minister van Onderwys, mnr. André Gaum, soos volg gerapporteer: "Een uit elke agt Suid-Afrikaners het die virus. In die Wes-Kaap het 'n volle 12,4% van die swanger vroue by voorgeboorte-klinieke verlede jaar MIV-positief getoets. In 2001 was dié syfer slegs 8,6%."

In die *Volksblad* van 14 Oktober 2003: 6 word omtrent die vooruitskouing van die Verenigde Nasies se vigsprogram (Unaid), wat in 'n bevolkingsverslag van die Johns Hopkins-universiteit se Skool vir Openbare Gesondheid gepubliseer is, soos volg berig: "Die kans dat jou 15-jarige kind teen 2015 gaan lewe, lyk nie goed nie. In Suid-Afrika en Zimbabwe sal vigs teen 2015 die oorsaak wees van die dood van byna twee derdes van alle seuns wat vandag 15 jaar oud is, indien die siekte se huidige risikovolke gehandhaaf word. Selfs al word die risiko om die siekte op te doen gehalveer, sal 47% van vandag se 15-jarige Suid-Afrikaanse seuns teen 2015 dood wees. In Zimbabwe is die syfer 52% as die risiko gehalveer word".

Met verwysing na 'n staking by Impala Platium (Implats), wys Jan de Lange in *Beeld* van 2 April 2003: 12 daarop dat 'n nuwe verskynsel 'n rol gespeel het: "MIV/vigs en die onvermoë van die werkgewer om behoorlik daarvoor met sy werkers te kommunikeer en 'n beleid in te stel wat alle kwessies rondom MIV/vigs aanpak."

In die algemeen kan gestel word dat dit in die veld ter sprake veral die staat se kommunikatiewe hantering van die vigs-pandemie is wat by menige Suid-Afrikaners, vanuit uiteenlopende politieke en kulturele oriëntasies, groot kommer wek. Dit is in werklikheid 'n betreurenswaardige toedrag van sake.

Dit blyk uit die meeste Suid-Afrikaanse koerante dat sowel politici, staats-, provinsiale en munisipale amptenare as die talle ander mense wat om die een of ander rede in interaksie met mekaar verkeer, tans heelwat kommunikasieprobleme ondervind.



Jovial Rantao skryf in die *Star* van 21 Februarie 2003: 12 dat politici nie daarin slaag om openbare skakeling te bewerkstellig nie: "The government has to jack up its communication so that it can reach the millions who read newspapers, listen to radio and watch TV... What the government needs now is a sleek public relations machinery which would ensure that every public relations opportunity is fully exploited – an operation that would, for instance, ensure that emphasis is placed on the right issues during a speech, and one that would assist our politicians to play the public relations game better than they do at present..." Selfs die berekening van die inflasiekoers in Suid-Afrika gaan soms gebuk onder wankommunikasie of 'n gebrek aan kommunikasie (*Sunday Independent*, 8 Junie 2003: 1).

In die *Natal Witness* van 14 Januarie 2003: 2 skryf Susan Segar: "The African National Congress yesterday strongly denied suggestions of a breakdown in communications between its national and KwaZulu-Natal structures over last week's political showdown in the province." In dieselfde trant skryf Patrick Cull: "... ANC headquarters without any doubt is guilty of an appalling failure to communicate" (*The Herald (EP Herald)*, 7 April 2003: 4). In PAC-geledere word aangevoer dat kommunikasie 'n wesenlike struikelblok geword het. Gazi (*Daily Dispatch*, 18 Januarie 2003: 3), wat van oortuiging is dat interne kommunikasie 'n belangrike bestanddeel van 'n soliede party is, sê: "One of our mistakes is that we don't meet regularly to discuss or review our policies... We have neither a party publication nor a journal to share party information with ourselves. Our website has not been updated for the past two years."

Wat kommunikasie in provinsies betref, is sommige burgers van die Oos-Kaap nie gelukkig nie: "Sanco spokesperson Mzwandile Buzani said the non-attendance by the MECs was proof of the attitude the community organisation had to deal with each time it tried to foster communication channels with the provincial government. 'We elected these people and the next thing is that when we want them to speak to us they are not available and don't even have the respect to tell us that', he said" (*Daily Dispatch*, 22 Maart 2003: 3).

En op munisipale vlak, verskil die situasie nie noemenswaardig nie: "If the lines of communication were more open between municipalities and residents there would be no further need for marches to civic centres, according to Eastern Cape South African National Civics Organisation spokesperson Joe Sotshana" (*Daily*

*Dispatch*, 18 April 2003: 3). Hierdie soort kommunikasiefoute en gebrekkige kommunikasie in die algemeen op munisipale vlak is egter, soos uit die volgende berig blyk, nie net tot die Oos-Kaap beperk nie: "Mayor of Cape Town Nomaindia Mfeketo has apologised 'unreservedly' for the bungle in communications that led to property owners receiving higher rates bills without notice" (*Cape Times*, 1 Augustus 2003: 1; *Die Burger*, 1 Augustus 2003: 12).

Suid-Afrika se openbare uitsaaier het ook sy kommunikasieprobleme. Jo Prins stel dit so: "Ongeag probleme met korrupsie wat hier en daar kop uitsteek en wat op die oomblik deur die Skerpioene ondersoek word, die uitdagings wat plaaslike inhoud en taal inhou, die te vinnige kom en gaan van hoëvlak-personeellede en dat nuus uit streekkantore dikwels maar skraps is, is die openbare uitsaaier se grootste probleem – vreemd genoeg – kommunikasie.

Kommunikasie? 'n Probleem? Die openbare uitsaaier wat met miljoene landwyd kommunikeer doen presies dit nie. Verslaggewers se grootste frustrasie verlede jaar was dat die SAUK se amptelike woordvoerders dikwels nie met die media kon of mag gepraat het nie - absoluut ongehoord en absurd" (*Beeld*, 24 Januarie 2003: 12).

Mnr. Mlukeki George, voorsitter van die parlementêre komitee oor veiligheid en sekuriteit, is van mening dat die polisie se kommunikasie onder die soeklig geplaas moet word. Volgens hom word baie van die polisie se goeie dae ongedaan gemaak omdat die publiek nie behoorlik daarvoor ingelig word nie (*Die Burger*, 6 Maart 2003: 2). Vanuit ietwat 'n ander invalshoek word in *Beeld* van 11 Junie 2003: 2 berig dat 'n skynbare kommunikasiegaping tussen die polisie se Benoni-hondetak en tolhekke op die N17-snelweg, verskeie misdadigers al die kans gegee het om weg te kom.

Dit wil voorkom of die kommunikasie van sommige van die verkeersbeamptes in Suid-Afrika nie na wense is nie. "The way traffic officials deal with motorists, and especially tourists, came under the spotlight recently when a delegation from Mozambique visited the MEC for local government and traffic, Mohammed Bhabba, to complain about the way their citizens were treated by traffic officials" (*Citizen*, 12 Junie 2003: 1). In die verband sê dr. Kemm: "We need an attitudinal change. Traffic officers must stop being the enemy of the motorist, and become the motorist's friend" (*Citizen*, 14 Januarie 2003: 5).

Die kerk begin al meer en meer besef dat kommunikasie 'n hoogs belangrike rol speel in sy funksionering binne samelewingsverband. In die *Volksblad* van 10 September 2003: 4 word soos volg berig: "Mededeling tussen gemeentes, gebrekkige kommunikasie en die herontdekking van die 'gereformeerde identiteit', is van die uitdagings vir die NG Kerk in die Vrystaat wat gister uit 'n gesprek oor die rol van die kerkverband op die sinodesitting in Bloemfontein geblyk het". En vanuit die Hervormde Kerk, skryf dr. Wim Dreyer dat daar reeds begin is met 'n kommunikasie-oudit, om vas te stel hoedat die kerk na binne en buite kommunikeer en watter beeld die kerk in sy kommunikasie vertoon (*Hervormer*, 1 Maart 2003: 1).

Dit wil in elk geval voorkom, soos dr. Ben du Toit, die NG Kerk in Suid-Afrika se direkteur van kommunikasie, dit in die *Volksblad* van 24 Januarie 2003: 7 stel, dat die breë Christelike gemeenskap skerp van mekaar verskil oor verskeie sake van openbare belang. "Kwessies wat veral omstrede is, is seksuele oriëntasie en homoseksualiteit, die rol en status van die vrou in die kerk (en implisiet ook in die gemeenskap), evolusie as deel van die skoolleerplan, en die doodstraf."

Daar bestaan min twyfel oor die feit dat die kerk se mag om met die samelewing se verloop in te meng êrens tussen die ou apartheidsofset en die nuwe Suid-Afrika-bedeling drasties ingekort is.

Wat die kommunikasie tussen die staat en die kerk self betref, verdien genoem te word dat die staat besef dat kommunikasie met die kerk noodsaaklik is met betrekking tot die oplossing van samelewingsprobleme soos vigs, misdaad, geweld, armoede, werkloosheid, rassisme en die krisis in die gesinslewe. In hierdie verband word in die *Star* van 9 Julie 2003: 5 soos volg berig: "President Thabo Mbeki has urged churches to maintain an open line of communication with the government and to continue to be vocal on moral and national matters of importance."

Die huidige sake-, korporatiewe en byvoorbeeld prestasiebestuurs-wêreld in Suid-Afrika word toenemend gekenmerk deur 'n nuwe klem op kommunikasie. In die verband word in *Finansies en Tegniek* van 23 Mei 2003: 17 soos volg berig: "Penelope Gracie, wat talle beskou as die doyen van beleggersverhoudings in SA, sê die belangrikheid om voortdurend met beleggers te kommunikeer, word al hoe meer in SA besef. Die tyd is verby toe jy net met hulle gepraat het as jy geld nodig

het of wanneer iets skeefloop in die onderneming, soos só dikwels gebeur het."

In hierdie dae en tye waar selfs die kwaadwillige besmetting van produkte deur afdreigers begin kop uitsteek, word effektiewe kommunikasie van al hoe groter belang. Collins (*Die Burger*, 8 Julie 2003: 14), 'n bekende in risikobestuur, sê tereg dat in so 'n geval, benewens baie vinnige optrede, die kommunikasie-strategie ten opsigte van die verbruiker, aandeelhouders, die publiek, die regering en personeel ook kritiek is.

Wat die implementering van prestasiebestuur in die werkplek betref, skryf Van Zyl in *Servamus* van 31 Januarie 2003: 48: "Open up the information channels; design new ways of communicating effectively but keep the people informed at all costs. It will not only benefit performance management, but will make the workplace a more pleasant place altogether."

Interessantheidshalwe, maar meer nog met die oog op die verkryging van begrip vir 'n bepaalde vorm van kommunikasie in Suid-Afrika, kan ook gelet word op die bekende Wilhelm Jordaan se standpunt in die *Die Burger* van 22 April 2003:10 dat 'n "pik-kultuur" die etos van die werkplek verlam. Die begrip "pikordes" verwys volgens hom na die hiërargiese rangordening binne byvoorbeeld akademiese of ekonomiese instellings. Hoewel hiërargieë (pikordes), volgens hom, besliste waarde het, het hulle ook veel tekortkomings. Die grootste gevaar van pikordes setel in die skepping van 'n onderdanigheidskultus. Hierdeur word 'n gegewe hiërargie in terme van mag en status verdeel in "hoër" kringe met onder meer "senior" menings "wat breëbors en hovaardig gehandhaaf word teenoor dié van 'juniors'". Jordaan skryf voorts: "Die feit dat baie Suid-Afrikaanse ondernemings, veral in die Afrikaanse wêreld, nog so funksioneer ondanks demokratiserende opflikkerings, is oorblyfsels van 'n outoritêre gesinsopvatting soos dit in die verhouding tussen ouer en kind beslag kry en dikwels in skool- en kerkverband versterk word..."

Jordaan wys ook daarop dat die bestaan van 'n "pik-kultuur" die vrye vloei van werkverwante kommunikasie op verskeie maniere ondermyn. Die volgende twee voorbeelde gee 'n aanduiding van wat hy bedoel: (1) "Die aanwending van sarkasme en ontoepaslike humor" en (2) "Die gebruik van allerlei bestraffende opmerkings: 'Hoe op aarde kan jy nou so iets kwytraak. Dit maak mos nie sin nie?'"

Dit is deur middel van genoemde (en ook ander) pikmaniertjies dat mense hulle belangrikheid in die pikorde bevestig en sodoende die etos in die werkplek verlam. Volgens Jordaan beteken die omkering van genoemde situasie nie dat die hiërargiese beginsel geskrap moet word nie. Hy stel dit duidelik dat hiërargieë 'n bewese ordeningsfunksie in die werkplek het. Hy versoek wel dat die pikorde so gereël word dat dit die interafhanklikheid van die volle werkerskorps bevestig met betrekking tot die onderneming se doelstellings. "Die bevestiging van interafhanklikheid beteken daar moet 'n kommunikasnetwerk geskep word wat die afwaartse, opwaartse en sywaartse vloei van inligting moontlik maak." Langs hierdie weg kan 'n vorm van kommunikasie daargestel word op grond waarvan "meerderes", "gelykes" en "ondergeskiktes" 'n bydrae kan lewer tot sinryke deelnemende bestuur.

Jordaan (*Die Burger*, 22 April 2003:10) se beskouing, waarvan slegs enkele aspekte genoem is, het uiteraard betekenisvolle implikasies vir 'n benaderingswyse tot bepaalde aspekte van organisatoriese kommunikasie in Suid-Afrika.

Ten opsigte van die voorgenoemde kommunikasieprobleme rondom allerlei soorte instellings, is dit ook nodig om te noem dat 'n groot deel van die probleme wat daagliks ondervind word, verband hou met die feit dat Suid-Afrika in die besonder gekenmerk word deur 'n multikulturele en 'n multilinguale samelewing. Dit is, in teenstelling met byvoorbeeld die situasie in die VSA, maar waarskynlik in ooreenstemming met die situasie in die eerste eeu n.C., opvallend hoe min navorsingsgegevens daar in Suid-Afrika bestaan oor die invloed wat die hier-en-nou kulturele verskeidenheid op sowel interpersoonlike as byvoorbeeld politieke kommunikasie het. Nietemin, vir die doeleindes van die onderhawige koerantgesprek kan wat die stand van politieke kommunikasie betref, volstaan word met 'n aanhaling uit Khathu Mamaila se beskouing in die *Star* van 20 Januarie 2003: 8. Hy beskou die kombinasie van 'n persoon se ras en sy politieke lojaliteit van sy verlede as een van die grootste kommunikasiesteurnisse in die vestiging van onder meer 'n multiparty-demokrasie. Oor hierdie kommunikasiesteurnis, wat volgens hom van ontslae geraak moet word, skryf hy: "Noise has largely paralysed open political debates in South Africa. Some white people, thanks to our horrible past, can't raise legitimate concerns

against the black-dominated government without fear of being labelled racist.

Even people who have impeccable struggle credentials, like SA Communist party deputy general secretary Jeremy Cronin, can attest to the truism that their whiteness can be an albatross in their quest to freely express themselves against the ANC."

Saam met die selfoontegnologie in Suid-Afrika het daar 'n nuwe SMS-kommunikasiewyse ontwikkel wat, soos Froneman dit stel (*Beeld*, 4 Januarie 2003: 3) 'n nuwe kultuur in kommunikasiemedie is wat 'n mens se behoeftes vinniger en makliker bevredig. Die omvang van SMS-kommunikasie is werklik verbysterend. "Me. Yvonne Muthien, woordvoerder van MTN, sê sowat 9,6 miljoen SMS'e is Oujaarsaand gestuur en sowat 8 miljoen op Kersdag.

'SMS'e is 'n heeltemal nuwe manier van kommunikasie', het mnr. Mthobi Tyamazshe, woordvoerder vir Vodacom gesê. Vodacomselfooneienaars het die nag voor Kersfees 39 miljoen SMS'e gestuur en 33 miljoen op Oujaarsaand – twee keer meer as in 2001.

Volgens me. Zeona Motshabi, woordvoerder vir Cell C, het hul selfoongebruikers op Nuwejaarsdag 2,4 miljoen SMS'e gestuur en 3,4 miljoen op Kersdag" (*Beeld, ibid.*).

Scheepers skryf in *Beeld* van 8 Februarie 2003: 5 dat die tendens ook ontstaan het dat mense hul eie afkortings vir woorde skep om meer met die vinger te kan sê: "Kyk byvoorbeeld na gr8 in plaas van 'great', kosa vir kom saam met ons, zsê en C U L8ter. Dan is daar ook Lo! Ganit da? Wa ma jy? X ni lus vi werki. Ga jy sa vnaand? Kry jou by wstel!." Scheepers sê voorts: "Volgens dr. A.M.E. Naudé van die Departement van Kommunikasie aan die Universiteit van Potchefstroom skep mense wat gereeld boodskappe stuur sulke kodes. 'Die kodes maak die intik van die boodskap makliker. Ek is net bekommerd dat dit die jong mense se taalgebruik verswak, aangesien dit al oorgevloei het na e-pos-boodskappe'" (*Beeld*, 8 Februarie 2003).

In die voorgaande opmerkings oor onder meer kommunikasieprobleme en klagtes oor bepaalde aspekte van kommunikasie in Suid-Afrika, wil dit voorkom of die Suid-Afrikaanse samelewing 'n dringende behoefte het aan kommunikasieliding. Dit blyk veral dat die gehalte van byvoorbeeld staats-, politieke, interkulturele en organisatoriese kommunikasie besonder gebrekkig is. Verskeie aspekte is ter sake soos die rol wat kultuur, politiek en byvoorbeeld die tegnologie in

effektiewe kommunikasie speel, die beginsels van onderhandeling, openbare skakeling, en die mededeling en vertolking van boodskappe binne sake-, korporatiewe en kerkverband. Hierbenewens wil dit voorkom of die hedendaagse mens, ondanks al die hulpmiddele tot sy beskikking, nog steeds nie geleer het om in die ware sin van die woord betekenis met sy medemens te deel nie.

### Onderwys

In ooreenstemming met die voorgaande opmerkings oor die gehalte van en probleme rondom kommunikasie in die Suid-Afrikaanse samelewing, blyk dit uit verskeie menings in die koerante van die afgelope paar maande dat die onderwyssituasie in Suid-Afrika nie in alle opsigte bevredigend is nie.

Uiteraard word baie van die klagtes oor die onderwys voor die deur van die staat of die provinsiale regering gelê. In baie van die klagtes gaan dit oor die feit dat daar te min onderwysers is om die werk behoorlik te doen. "There is a shortage of teachers in Eastern Cape schools, the South African Democratic Teachers' Union (Sadtu) claimed yesterday" (*Daily Dispatch*, 8 Augustus 2003: 5). In die Sowetan van 28 Februarie 2003: 2 skryf 'n ontstoke ouer, Christina Mpyana: "Our children have registered to sit for matric mathematics, physical science and Northern Sotho, and they are expected to pass, but there are no teachers allocated for those subjects." Ten opsigte van die Hoërskool Vorentoe in Johannesburg word in *Beeld* van 26 Februarie 2003: 11 gestel dat die speelterrein wemel van laggende kinders van verskillende kulture en agtergronde. Hierdie kinders is saamgesnoer deur 'n begeerte om die beste onderrig te kry maar, word in die berig gestel, die skool het 42 onderwysers, terwyl 51 nodig is om alle klasse sinvol aan te bied. Soortgelyke klagtes oor oorvol klaskamers word in die *Sunday Tribune* van 9 Februarie 2003: 3 en *Beeld* van 12 Februarie 2003: 8 onder die loep geneem.

In *Die Burger* van 28 Januarie 2003: 2 word gestel dat vyf amptenare van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys (WKOD) langer as twaalf uur deur ontstoke ouers van 'n hoërskool in die Strand in die skoolgebou toegesluit is weens ongelukkigheid oor die plasing van leerlinge. Om die een of ander rede ontken die owerhede soms dat daar wel probleme bestaan. In *Beeld* van 17 Januarie 2003: 11 word berig dat verskeie skole in Limpopo glo talle probleme aan die begin van die nuwe skooljaar ondervind, maar dat die onderwysdepartement

van die provinsie volhou dat die eerste skooldag geen groot probleme opgelewer het nie.

By sommige skole heers daar groot ontevredenheid onder leerders, ouers en onderwysers oor die verskynsel dat byvoorbeeld teksboeke en skryfbehoeftes nie aan die begin van die skooljaar beskikbaar is nie. "A lack of stationery at KwaZulu-Natal schools is expected to cause a bumpy start to the year after the provincial department encountered problems with the tender procedure" (*Natal Witness*, 22 Januarie 2003: 4). En vanuit die Oos-Kaap word berig: "Many textbooks still to be delivered" (*Daily Dispatch*, 15 Januarie 2003: 3).

Die hantering van uitkomsgerigte onderrig (UGO) skep tans noemenswaardige probleme in onderwysgeledere. In *Beeld* van 30 Mei 2003: 14 word berig dat dr. Bill Spady, internasionale skrywer en leier in nuwe paradigma-modelle vir leer en onderrig, van mening is dat UGO in Suid-Afrika agterstevoor aangepak is. "Die kurrikulum is geskryf en nou sukkel almal om die uitkomst te bepaal." 'n Verdere probleem, word voorts berig, is dat onderwysamptenare, hoofde en onderwysers nie behoorlik in UGO opgelei is nie. "Mnr. Andy Hargreaves, nog 'n Amerikaanse kundige, het verlede week gesê Suid-Afrika is nie gereed om die kurrikulum toe te pas nie omdat 80% van onderwysers nie die vaardighede en professionele kennis vir UGO het nie (*Beeld*, 30 Mei 2003: 14). Dit blyk dat ook die UGO-opleiding aan onderwysers nie te alle tye op standaard is nie. Ten opsigte van 'n UGO-opleidingsessies aan die Oos-Rand word in *Beeld* van 26 Junie 2003: 11 soos volg berig: "Klagtes van onderwysers vir gr. 1 tot gr. 3 oor 'ontoereikende, chaotiese opleiding' het gister ingestroom nadat van dié onderwysers eergister gedreig het om huis toe te gaan."

Dit blyk dat die toestand van skoolgeboue en sanitêre geriewe soms nie na wense is nie. "The disgusting state of basic facilities at Grahamstown's Andrew Moyake Primary School, where the toilets do not work and children have to watch where they put their feet because they may tread in faeces, sounds like a scene from a horror movie... And apparently this is not the only school which has these problems" (*The Herald (EP Herald)*, 19 Mei 2003: 6; vgl. ook *The Herald (EP Herald)*, 21 Januarie 2003: 2). En vanuit 'n ander provinsie word soos volg berig: "Children at some rural schools in KwaZulu-Natal are exposed to 'scandalous' unhygienic conditions, with overflowing pit latrines, insufficient and filthy toilet facilities, fly



infestations, and a lack of toilet paper and even soap, a survey has found" (*Daily News*, 3 April 2003: 8).

Soms word klagtes direk voor die deur van die Minister van Onderwys gelê. In 'n berig in die *Sowetan* van 8 Augustus 2003: 18 word onder die opskrif "Attend to the basics, then add flourishes", gevra wat verkeerd gegaan het in die onderwys. Die antwoord wat verskaf word, kom daarop neer dat die staat 'n obsessie het om alle strukture wat deur die apartheidsregering gevestig is, te vernietig voordat dit vervang was. Op 'n ander vlak weer voel skoolhoofde dat hulle magte aan bande gelê word. In die verband word in die *Daily News* van 16 Mei 2003: 5 onder die opskrif "Principals have no say" soos volg berig: "School principals in KwaZulu-Natal have urged the national education department to reduce the powers of school governing bodies because the present system of teacher appointments and promotion was open to abuse..."

Klagtes teen die gedrag van onderwysers is aan die orde van die dag. In die *Daily Dispatch* van 10 April 2003: 2 word soos volg berig: "Hundreds of pupils from Sinovuyo High School walked from Duncan Village to Education Department offices in the city centre here yesterday to present a memorandum of complaint against their teachers. The memorandum included accusations that some educators had sex with pupils while others were selling school reports for R50." In dieselfde trant word in *Rapport* van 31 Augustus 2003: 8 berig: "Amptenare van die departement van onderwys in KwaZulu-Natal het die afgelope week inligting ingesamel oor bewerings van selfmoordpogings, mishandeling, erge straf, vernedering en wanbestuur by die Drakensbergse Seunskoorskool om te begin met hul ondersoek." In die *City Press* van 14 September 2003: 6 word soos volg berig: "The child protection unit in Pietermaritzburg has launched a massive manhunt for a local Thuthukisa high school teacher, Refuge Sabelo, who is accused of allegedly sodomising 20 young schoolboys."

Sommige klagtes handel oor die verskynsel dat leerders met leë mae op die skoolbanke sit. "School principals and teachers, from about 120 primary schools, are unhappy that thousands of kids have to learn on empty stomachs, because the provincial government is not paying feeding scheme suppliers on time" (*City Press*, 4 Mei 2003: 10).

Uit talle koerantberigte blyk dit dat skole op 'n groot skaal deur diewe, vandale, bendes en verskeie ander soorte kwaaddoeners

ontwrig word. In *Die Burger* van 9 Oktober 2003: 16 word berig dat die Wes-Kaapse onderwysdepartement jaarliks sowat 230 klagtes ontvang van vandalisme by skole en dat die herstelkoste in 2002 sowat R2 miljoen was. In die *Daily Dispatch* van 29 Julie 2003: 5 word na grootskaalse vandalisme by skole verwys, terwyl daar in die *Natal Witness* van 31 Januarie 2003: 2 soos volg berig word: "An Imbali school principal has reached the end of his tether following several burglaries at the school in the last month."

Rassisme, of die een of ander vorm van diskriminasie, belemmer die opvoedingsproses. In die *Pretoria News* van 15 Februarie 2003: 1 word byvoorbeeld soos volg berig: "White kids beat us, say black pupils." In die *Saturday Star* van 6 September 2003: 2 word onder die opskrif "Confrontation leads to learner's death", berig oor 'n Indiër/swart-rassistiese insident wat by 'n hoërskool in Springs plaasgevind het. In *The Herald (EP Herald)* van 24 Februarie 2003: 5 word gestel: "RACISM is allegedly threatening to split Missionvale Primary School". In dieselfde trant word in die *Beeld* van 11 Februarie 2003: 5 soos volg berig: "Die polisie in Witrivier ondersoek vier aanklagte van aanranding teen leerlinge van die Hoërskool Rob Ferreira ná twee voorvalle verlede week wat rassiespanning by dié skool laat opvlam het." En so bietjie op 'n ander vlak: "An 18-year-old Ngwenyathi High School Grade II pupil, who has been born with albinism, has left the school because of allegedly being humiliated by certain teachers and discriminated against" (*Daily Dispatch*, 27 Maart 2003: 3).

Dit blyk uit talle koerantberigte dat dissipline in skole 'n wesentlike probleem geword het. In *Beeld* van 17 Maart 2003: 10 dui 'n briëfskrywer aan, na aanleiding van allerlei probleme rondom ongedissiplineerde kinders, dat kinders geleer moet word om onderwysers se gesag by die skool te aanvaar. In *Beeld* van 7 Junie 2003: 8 word berig dat onderwysers knak en dat baie van hulle party dae nie kans sien om werk toe te gaan nie. "Die rede? Die monsters in die klas." In dieselfde berig sê mnr. Arie Stoltz, adjunkhoof aan die Hoërskool Langenhoven in Pretoria, dat kinders onderwysers tart. "Hulle hou daarvan as jy kwaad word, want dan kan hulle jou uitlag. Gr. 8- en 9-leerlinge is traak-my-nie-agtig. Jy moet oor en oor dreig en smee dat hulle hul take betyds ingee."

Vanaf die staat se kant bestaan die opvatting soms dat tersiêre instellings se onderrig nie op standaard is nie. "Die gehalte van

onderrig aan tersiêre instellings in Suid-Afrika is swak en eintlik behoort dosente 'n onderwyskwalifikasie te hê om te kan klas gee. So het mnr. Kadar Asmal, Minister van Onderwys, in Pretoria gesê tydens die bekendstelling van Umaluzi, die raad vir gehalte-versekering in algemene en voortgesette onderrig" (*Beeld* 14 April 2003: 1). Kritiek teen tersiêre instellings is egter nie net tot die staat beperk nie. "More than 85 percent of universities, technikons and colleges were not ready to deliver learnerships and skills programmes to the various economic sectors, Piet Bothma, the chief executive of the Transport Education and Training Authority (Teta), said this week" (*Star*, 25 September 2003: 7).

Ten slotte kan, op grond van die voorgenoemde aanhalings uit die koerante van die laaste paar maande oor die onderwyssituasie in Suid-Afrika, samevattend gestel word dat bepaalde aspekte van die onderwysopset besonder negatief vertoon. Dit moet uiteraard toegegee word dat afgesien van die goeie werk wat wel in die skole gedoen word, sommige van die klagtes moontlik 'n politieke kleur het, terwyl ander weer dalk nie die totale konteks verreken nie. Hoe dit ook sy, bestaan daar ernstige klagtes oor byvoorbeeld te min onderwysers en oorvol klaskamers. Teksboeke en skryfbehoeftes word soms nie betyds beskikbaar gestel nie. Die hantering van uitkomsgerigte onderrig blyk 'n taai tameletjie te wees. In sommige gevalle is die toestand van skoolgeboue uiters swak, terwyl daar skole bestaan wat nie oor toilette en ander sanitêre geriewe beskik nie. Op die vlak van sedelikheid bestaan daar talle klagtes oor die sedelike gedrag van onderwysers en van leerlinge. Diewe, vandale en bendes ontwrig skole. Rassediskriminasie vind, ondanks die mooi ideale wat in 'n demokratiese bestel opgesluit lê, steeds plaas, terwyl dissipline in talle skole 'n wesentlike probleem geword het. Die onderrig by tersiêre instellings word bevraagteken. Selfs die arbeidswêreld is onrustig omdat baie van die leerders wat die skool of 'n tersiêre instelling verlaat nie oor die nodige kennis of vaardighede wat vereis word, beskik nie.

Een van die talle faktore wat daartoe bydra dat skoolverlaters nie oor toereikende kommunikasievermoëns en -vaardighede beskik nie hou waarskynlik verband met die feit dat daar nie in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel voldoende voorsiening gemaak word vir doeltreffende kommunikasie-onderrig nie. 'n Opvallende kenmerk van die sillabusse vir mondelinge kommunikasie is dat daar relatief min

aandag geskenk word aan die teoretiese onderbou van kommunikasie. Daar word feitlik geen aandag geskenk aan byvoorbeeld die komplekse wesenstruktuur, die sin of die betekenis- en etiese dimensie van spraakkommunikasie nie. Eweneens word daar ook nie op 'n noemenswaardige wyse aandag geskenk aan die teoretiese eise wat die onderskeie spraaktekste in die leefwêreld van die mens aan die mededeling en vertolking van boodskappe stel nie.

Omdat die meeste kwalifikasies aan tersiêre instellings nie kommunikasievakke of -modules as 'n vereiste stel nie, beteken dit dat baie afgestudeerde studente die arbeidswêreld betree met slegs 'n kennis van kommunikasie op laer- en hoërskoolvlak.

### **SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING**

In hierdie bespreking is in die lig daarvan dat kennis van die verlede dikwels meewerk tot 'n begrip van die hede, oorsigtelik besin oor die volgende vraag: Het Quintilianus nie dalk op grond van die tyd waarin hy geleef het en die besondere insigte wat hy in sy *Institutio Oratoria* aan die dag gelê het, 'n bruikbare boodskap met betrekking tot die kwessies rondom kommunikasie-onderrig in die nuwe Suid-Afrika nie?

Ter oriëntering is kortliks daarop gewys dat Quintilianus 'n beroemde orator en opvoedkundige in die eerste eeu n.C. was. In hierdie oorgangstydperk vanaf 'n Republiek na 'n Prinsipaas was politieke, sosiale en onderwysverandering aan die orde van die dag. Korrupsie het betreklik algemeen voorgekom en sedelike verval was 'n opvallende kenmerk van die samelewing. Ondanks daarvan dat die staat die onderwys in die algemeen goedgesind was in die vorm van byvoorbeeld die bou van skole, aanmoediging tot onderwysontwikkeling en die verskaffing van subsidie, het dit in verskeie opsigte algaande verswak. Metterwyl het die onderwys vanweë die verval van onder meer waardes en norme sy pit verloor, terwyl 'n gees van toegeeflikheid teenoor leerders in so 'n mate toegeneem het dat byvoorbeeld dissipline in die slag gebly het.

Hoewel kommunikasie nog steeds beskou was as 'n hoogs belangrike menslike handeling en 'n belangrike plek in opvoedingsgebeure ingeneem het, het die redenaarskuns as sodanig begin agteruitgaan in die sin dat dit 'n deklamatoriese vorm begin aanneem het. Die rede hiervoor het verband gehou met die feit dat die politieke orator se belangrikheid drasties afgeneem het. Hierbenewens het klagtes oor

die leerinhoude en onderrig van die retoriek uit verskeie oorde opgeklink.

Dit is teen voorgenoemde agtergrond dat Quintilianus na vore getree het met die ideaal dat die goeie wat in die verlede bestaan het in die hede toegepas moes word. Hy het gestreef na 'n opvoedingsideaal waar die leerder sodanig opgevoed word dat hy as kompetente kommunikerende wese met hoë sedelike waardes aan die eise van sowel die private as die openbare gemeenskapslewe kan voldoen.

Ten einde die leerder in so 'n mate te kon opvoed dat hy as 'n deugsame en effektiewe kommunikator sy plek in die samelewing kon volstaan, moes hy bepaalde leerinhoude en vaardighede bemeester. Hierdie leerinhoude en vaardighede moes op 'n sinryke wyse geselekteer word uit die leefwêreld van die volwassene. Dit moes te alle tye rekening gehou het met die eise van die praktiese lewensituasies en die talente en vermoëns van die kind. Uiters beknop benader, kan die belangrikste aspekte waarmee leerinhoude en vaardighede verband gehou het soos volg aangedui word:

- die ontdekking van boodskapinhoude vir bepaalde spraaksituasies;
- die bepaling van die essensie van 'n argument deur middel van die stel van fundamentele vrae;
- die analise van probleemsituasies;
- die beginsels waarkragtens oorreding plaasvind;
- die aard en keuse van oorredingsmiddele (emosionele, etiese en logiese dimensies);
- die aard en betekenis van geloofwaardigheid;
- die bepaling van die omstandighede waarin die kommunikasiegebeure plaasvind;
- die kriteria van boodskapstrukturering en die wyses waarop boodskapinhoude gerangskik kan word;
- die verwoording van boodskapinhoude met verwysing na byvoorbeeld die betekenis van woorde en sinne, korrekte taalgebruik en stylverskynsels;
- die verskille tussen geskrewe en mondelinge taalgebruik;
- die gebruik van mnemotegnieke in die ontwikkeling van die geheue;

- die aard, rol en betekenis van stemverskynsels en liggaamsgedrag;
- die ontleding van die boodskapontvangers;
- die eise wat die verskillende spraaktekste stel (forensiese, beraadslagende en seremoniële spraaksituasies);
- die noodsaaklikheid van 'n begrip van samelewingsverskynsels wat met menslike welsyn geassosieer word; en
- die etiese dimensies van kommunikasie.

Die bemeestering van bogenoemde en aanverwante leerinhoudes en vaardighede was slegs een van die drie dimensies van Quintilianus se opvoedingsideaal, naamlik die vorming van die goeie mens wat bedrewe is in praat/spraakkommunikasie ("vir bonus dicendi peritus"). Die tweede vereiste, soos eksplisiet in die bewoording van sy ideaal vervat is, is die ontwikkeling van die leerder se karakter. Karaktervorming en die ontwikkeling van 'n sedelike bewustheid staan in werklikheid sentraal in Quintilianus se opvoedingsdoel. Die opgevoede mens is iemand wat 'n grondige kennis het van dit wat reg en eerbaar is. Die derde vereiste is dat die goeie mens wat effektief kan kommunikeer ook onderlê moet wees in 'n groot verskeidenheid nie-kommunikasielêreinhoudes en -vaardighede op die vlak van byvoorbeeld die geskiedenis, die reg, die filosofie, die taal- en die letterkunde.

Quintilianus se *Institutio Oratoria* was nie slegs 'n reaksie op die uitgediende retoriekleerinhoudes van sy tyd nie, maar ook op die kenmerke van die samelewingswerklikheid en onderwyssituasie in die algemeen. In hierdie lig is in die onderhawige bespreking voorts ook gelet op enkele aspekte van klagtes rondom gebrekkige kommunikasie in die Suid-Afrikaanse samelewing. Bloot aan die hand van enkele koerantberigte is tot die slotsom gekom dat die kommunikasieprentjie in Suid-Afrika besonder donker lyk. Daar bestaan 'n werklike behoefte aan kommunikasielêding (en ook morele leiding) op 'n verskeidenheid vlakke. Uit die koerantberigte blyk ook dat die onderwysopset in Suid-Afrika nie aan die verwagtinge van baie van die lede van die samelewing voldoen nie. Sowel skole as tersiêre instellings vind dit moeilik, en in sommige opsigte onmoontlik, om aan die eise van die arbeidswêreld te voldoen omdat faktore wat doelgerigte bemoeienis met leerders feitlik onmoontlik maak, van dag tot dag toeneem.

Uit die leerplanne van laer- en hoërskole blyk dit byvoorbeeld dat kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese leerinhoude en vaardighede met betrekking tot kommunikasie nie voldoende verreken word nie. Daar kan gestel word dat 'n onderrigbenaderingswyse tot spraakkommunikasie wat nie 'n begrip van die spraakkommunikasie-verskynsel as fundamentele vertrekpunt het nie, skerp kontrasteer met die klassieke benaderingswyse tot spraakkommunikasie-onderrig. Gedurende die oud-Griekse opvoeding, die oud-Grieks-Romeinse opvoeding (en die Middeleeuse opvoeding, wat uiteraard nie in hierdie bespreking onder die loep geneem is nie) het die standpunt gegeld dat 'n persoon slegs effektief kan kommunikeer as hy 'n deeglike kennis van die beginsels en reëls van spraakkommunikasie het en relevante praktiese oefeninge doen wat onder meer op die eise van die samelewing gebaseer is. Dit is presies hierdie standpunt wat Quintilianus in sy *Institutio Oratoria* verkondig. Hy het egter bygevoeg dat daar 'n harmonie tussen die teorie en die praktyk bewerkstellig moes word.

Die logiese gevolgtrekking waartoe gekom kan word na aanleiding van die vraag oor wat Quintilianus se boodskap is vir die onderrig van kommunikasie in die nuwe Suid-Afrika, is dat hy waarskynlik sou sê: "Gegee die implikasies van die verandering in Suid-Afrika en die eiesoortigheid van die Suid-Afrikaanse kommunikasiewerklikheid, skryf julle eie *Institutio Oratoria*. Kom dus weg van die verknogtheid aan Amerikaans-georiënteerde navorsingsdata en allerlei byderwetse Europese en nou verwante insigte. Kom by uitnemendheid te voorskyn met oorspronklike data en 'n opvoedkundig verantwoorde, sinryke benaderingswyse tot kommunikasie-onderrig. So 'n benaderingswyse moet op die teenswoordige kommunikasiewerlikheid en -eise gebaseer word en relevante aspekte van die oud-Grieks-Romeinse retoriekonderrigsisteem verreken."

Bogenoemde boodskap maak sin as in ag geneem word dat kommunikasie 'n bestaanswyse is en dat kommunikasiekompetensie 'n voorwaarde vir menswaardige naasbestaan is. Suid-Afrika is immers kommunikasiegewys in die noute. Maar, tot tyd en wyl 'n Quintiliaans-geïnspireerde benadering tot die onderrig van kommunikasie sintuiglik waarneembaar uit die verf kom, kan die volgende aanbevelings voorlopig oorpeins word.

## AANBEVELINGS

Op grond van die beskouings van Quintilianus en die relevansie daarvan vir die onderrigsituasie vir kommunikasie in die Suid-Afrikaanse samelewing kan aanbeveel word dat:

1. Onderwysowerhede in Suid-Afrika op grond van die betekenis wat kommunikasie vir individuele en maatskaplike welsyn het, opnuut besin oor die aard en plek van dié kennisgebied in die Suid-Afrikaanse kurrikulum op skool- en tersiêre vlak.
2. Sillabusopstellers in Suid-Afrika die beginsel verreken dat onderrig met die oog op kompetensie in kommunikasie sowel die bemeestering van kommunikasievaardighede as 'n begrip van die wesensaard van die mededeling en vertolking van boodskappe veronderstel.
3. Sillabusse vir kommunikasie opgestel word waarin die kategoriale struktuur van dié vak op sowel die vlak van beginsels as kontekste verreken word.
4. Ondersoek ingestel word na:
  - Die moontlikheid dat kommunikasie as 'n afsonderlike en selfstandige vak aangebied word in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel.
  - Die erkenning van kommunikasie as 'n goedgekeurde skoolvak met betrekking tot onderwysopleiding aan Suid-Afrikaanse tersiêre instellings.



## VERWYSINGS

### Boeke en tydskrifte

- Blankenship, J. 1985. Keeping the faith: On being a teacher-scholar in the 20th century. In *Speech communication in the 20th century*, edited by T.W. Benson. Illinois: Southern Illinois University Press: pp. 341-363.
- Duggan, S. 1964. *A student's textbook in the history of education*. New York: Appleton-Century-Crofts.
- Farrell, T.B. 1983. The tradition of rhetoric and the philosophy of communication. *Communication* 7: 151-180.
- Kennedy, G.A. 1969. *Quintilian*. New York: Twayne.
- Mans, M.J. 1972. *Quintilianus as vertolker van die pedagogiese denke van sy tyd*. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling) Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
- Monroe, P. 1938. *A brief course in the history of education*. New York: Macmillan.
- Poulakos, J. 1984. Rhetoric, the sophists, and the possible. *Communication Monographs* 51(3): 215-226.
- Quintilian. 1891. *Quintilian's institutes of oratory: Or, education of an orator, in twelve books*. (Literally translated with notes by J.S. Watson.) London: George Bell & Sons.
- Van Schoor, M. 1982. *Wat is kommunikasie?* Pretoria: Van Schaik.
- Venter, I.S.J. 1976. *Die historiese opvoedkunde: Oorsprong, grondstrukture, aard en wese*. Durban: Butterworths.

### Koerante

- Beeld*. 2003. Die fiekie van SMA-gilik: Sel-boodskappe in Kerstyd ál gewilder. 4 Januarie: 3.
- Beeld*. 2003. Limpopo-skool probleme pla. 17 Januarie: 11.
- Beeld*. 2003. Kommunikasie SAUK se doring: Nuwe topanstelling bring darem nuwe hoop. 24 Januarie: 12.
- Beeld*. 2003. Lo! Ganit da? Xse kosa ons: SMS'e sorg vir pure lekkerkry en vir malligheid. 8 Februarie: 5.
- Beeld*. 2003. Polisie kyk na konflik by skool. 11 Februarie: 5.
- Beeld*. 2003. Skoolhou stink, sê leerkragte: Gedurige wysiging van metodes en beleid frustreer. 12 Februarie: 8.
- Beeld*. 2003. Parallel skole se dubbel stryd: Dowe onderwys-departement gee dié wat transformeer 'n klap'. 26 Februarie: 11.

- Beeld*. 2003. Leer kind hy moet onnie se gesag by die skool aanvaar. 17 Maart: 10.
- Beeld*. 2003. Werkgewers kan leer uit dié dure les: MIV/vigs en bestuur se ongeduld kos Impala duur. 2 April: 12.
- Beeld*. 2003. SA universiteite se onderrig is swak, sê Asmal. 14 April: 7.
- Beeld*. 2003. Onnies is nie reg vir uitkomsgerigte leer. 30 Mei: 14.
- Beeld*. 2003. Ek wil nie skool toe gaan nie! 7 Junie: 8.
- Beeld*. 2003. Skurke kom weg oor polisie stilhou by tolhekke. 11 Junie: 2.
- Beeld*. 2003. Onnie-kursus 'chaoties': Klagtes stroom in oor opleiding. 26 Junie: 11.
- Die Burger*. 2003. Ouers hou onderwys-amptenare aan in Strand. 28 Januarie: 2.
- Die Burger*. 2003. Kommunikasie van SAPD wek kommer. 6 Maart: 2.
- Die Burger*. 2003. "Pik-kultuur" verlam etos van die werkplek. 22 April: 10.
- Die Burger*. 2003. Verbruiker se belang 'kom eerste'. 8 Julie: 14.
- Die Burger*. 2003. Mfeketo jammer oor belastingglips. 1 Augustus: 12.
- Die Burger*. 2003. Leerders in Wes-Kaap praat makliker oor seks. 16 Augustus: 4.
- Die Burger*. 2003. Vandale vernietig skole. 9 Oktober: 16.
- Cape Times*. 2003. Mayor says sorry for bungle over rates bills. 1 August: 1.
- Citizen*. 2003. Driver training is deficient: Expert. 14 January: 5.
- Citizen*. 2003. Offices learn to be polite. 12 June: 1.
- Citizen*. 2003. Parliament 'must seek relevance'. 12 June: 4.
- City Press*. 2003. Pupils still hungry. 4 May: 10.
- City Press*. 2003. Hunt for sodomy suspect. 14 September: 6.
- Daily Dispatch*. 2003. Many textbooks still to be delivered. 15 January: 3.
- Daily Dispatch*. 2003. PAC disorganised says fed-up Gazi. 18 January: 3.
- Daily Dispatch*. 2003. Sanco accuses absent MECs of lack of respect. 22 March: 3.

- Daily Dispatch*. 2003. Pupil says he is humiliated by some teachers. 27 March: 3.
- Daily News*. 2003. Hey, this stinks! 3 April: 8.
- Daily Dispatch*. 2003. Pupils march to dept offices. 10 April: 2.
- Daily Dispatch*. 2003. Communication lines must be open – Sanco. 18 April: 3.
- Daily Dispatch*. 2003. Another DV school targeted by vandals. 29 July: 5.
- Daily Dispatch*. 2003. Sadtu threatens strike action. 8 August: 5.
- Daily News*. 2003. Principals have no say. 16 May: 5.
- Finansies en Tegniek*. 2003. Begrip bou vertrouwe. 23 Mei: 17.
- Hervormer*. 2003. Die kerk se identiteit. 1 Maart: 1.
- Natal Witness*. 2003. ANC: We are not out of touch with crisis: Ruling party denies suggestions of breakdown between national and KZN groups. 14 January: 2.
- Natal Witness*. 2003. Bumpy start to the year for some KZN schools. 22 January: 4.
- Natal Witness*. 2003. Principal at end of his tether over burglaries. 31 January: 2.
- Pretoria News*. 2003. White kids beat us, say black pupils. 15 February: 1.
- Rapport*. 2003. Ondersoek na Drakies begin. 31 Augustus: 8.
- Saturday Star*. 2003. Confrontation leads to learner's death. 6 September: 2.
- Servamus*. 2003. Performance management: Are you ready? 31 Januarie: 48.
- Sowetan*. 2003. Parents angry about lack of teachers. 28 February: 2.
- Sowetan*. 2003. Attend to the basics, then add flourishes. 8 August: 18.
- Star*. 2003. Opinion & analysis: Labels can hamper communication. 20 January: 8.
- Star*. 2003. Politicians failing at the PR game. 21 February: 12.
- Star*. 2003. Mbeki hails the church as vital ally. 9 July: 5.
- Star*. 2003. Institutions blamed for skills gap. 25 September: 7.

*Sunday Independent*. 2003. Poor communication left Stats SA bosses in the dark. 8 June: 1.

*Sunday Tribune*. 2003. Uproar over crowded school. 9 February: 3.

*The Herald (EP Herald)*. 2003. E Cape set for bad start to school year. 21 January: 2.

*The Herald (EP Herald)*. 2003. Allegations of racial split at Missionvale Primary. 24 February: 5.

*The Herald (EP Herald)*. 2003. Rumours fly about Stofile resignation: ANC bosses not communicating with members in province. 7 April: 4.

*The Herald (EP Herald)*. 2003. Grahamstown school a disgrace. 19 May: 6.

*Volksblad*. 2003. Kerkman stel standpunt oor sake van openbare belang: Verskillende menings bestaan oor kerk se reaksie op omstrede kwessies. 24 Januarie: 7.

*Volksblad*. 2003. Uitdagings vir NG Kerk bespreek. 10 September: 4.

*Volksblad*. 2003. Kerktorings. 9 Oktober: 8.

*Volksblad*. 2003. Vigs sal teen 2015 byna twee derdes van seuns uitwis. 14 Oktober: 6.